Association for the Education & Care of Young Children
Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg

Nuusbrief
April 2020

COVID-19: 'N NUWE 'NORMAAL'

Op Dag 23 van die afsondering of grendelstaat, skryf een van my predikantsvriende die volgende woorde wat ek graag met julle deel:

"As jy langs die Limpoporivier staan wanneer dit nie in vloed is nie, lyk dit soms asof daar geen beweging is nie, maar as jy 'n stokkie in die water gooi, sien jy die vloei van die water.

Net so met ons in die afsonderingstyd, as 'n mens aan die lang tydperk dink voel dit lettelik asof die tyd stilstaan en niks regtig aangaan nie.

Maar soos in Pred.11:1 moet ons, ons brood op die water werp – ons deel doen wat ons kan, al is dit net om aan gesinsverhoudings of 'n eenvoudiger leefstyl te werk. Dan sal ons sien dat daar wel iets gebeur, al is dit in ons persoonlike nou kring."

Die VVOS bestuur beywer vir en verteenwoordig ons VKO-skole en -sentrums. Dit is dikwels goed om situasies waar te neem, te analiseer en dan met die inligting en feite beskikbaar, besluite te neem en standpunt in te neem.

Ons wil u verseker dat ons aktief deelneem aan verskeie gespreksforums - waarvan daar 100'e is - sodat ons deeglik ingelig is en daarna goeddeurdagte besluite kan neem tot voordeel van vroeë kinderontwikkeling.

As ons geweet het hoe die pad vorentoe lyk en hoe dit ons sou raak, sou dit goed wees om voorkomend of voorbereid, pro-aktief, te kan optree, maar ongelukkig is dit is egter nie aan die geval nie. Die gewaarwording dat Covid -19 pandemie 'n ramp is waarvan ons die effek nou maar eers begin ervaar is 'n voldwonge feit.

Ek wil namens die VVOS bestuur ons dank en waardering uitspreek teenoor elke kleuterskoolhoof, -eienaar en die onderwyskorps wat met hul positiewe gedagtes, kreatiewe video's en lesaanbiedings so "normaal" as moontlik probeer aangaan in hierdie abnormale situasie.

Normaal is nodig vir die nuwe normaal waarop ons voorbereid sal moet wees. Na die opheffing van die grendelstaat sal die hersteltyd volg, 'n tyd waarin ons opvoedingsdoel, ons liefde en passie vir kleuters ons hartklop moet word en sigbaar wees in die effektiewe opvoeding, omgee en sorg wat ons gee. Ons sal selfs die vangnet moet word en plekke van veiligheid wees vir trauma a.g.v. druk en spanning in die ouerhuise waar klein kinders ook aan die styd om finansiële oorlewing blootgestel is.

Elke kleuterskool is uniek en is daar nie 'n *"one size fits all"* benadering of antwoord vir vrae, lessies of wyse van aanbiedings nie. Maar dat ons bymekaar kan leer en idees uitruil is alreeds 'n kosbare nuwe normaal waarmee ons kan en moet voortgaan tot voordeel van kinders aan ons toevertrou.

Ek wil daarom graag die onderwysers uitdaag om weer opnuut te gaan loer na die *Kleuterklanke* hulpbron met wonderlike temas – reeds uitgewerk - en dit met die ouers te deel. Op hierdie stadium is 15 tot 30 minute se vaslegging en pret baie meer werd as ure se papierwerk.

Today's child is our nation's future

Die kleuter van die hede is die nasie van die toekoms

Kontak die VVOS:

Telephone:
012 667 2028
E-pos:
info@vvos.co.za
Website:
www.vvos.co.za
Sosiale Media:
WhatsApp:
066 253 8655
Facebook:
@vvos
@aecyc
Instagram:
AECYC_VVOS

Today's child is our nation's future

Die kleuter van die hede is die nasie van die toekoms

So kan ons as bekwame opvoeders maklik weer al die drade van ontwikkeling vasknoop na die Covid-19 pandemie, want dit sal tot 'n einde kom - ons weet net nie wanneer nie.

Kom ons wees voorbereid en bly positief beplan.

Ons het hande gevat met kundiges om 'n netwerk van hulp en ondersteuning aan ons lede te kan bied.

Sake i.v.m. arbeidsverhoudinge kan via die VVOS-kantoor verwys word en deel ons dan weer die antwoorde met ons lede en skole.

Neem asb vrymoedigheid om wanneer ouers jul nader met gedragsprobleme en dissipline sake, dit ook met die kantoor te deel, aangesien kundiges op die VVOS-bestuur jul behulpsaam kan wees en julle weer op die beurt kan hande vat met die ouers en so goeie verhoudings en kommunikasie versterk en verstewig.

Die gesonde wisselwerking tussen die skool-ouerhuis-kleuter gaan bly, ongeag die pandemie se uitwerking.

Ons groot dank aan Lize in die VVOS-kantoor - hierdie tydperk het heelwat nuwe uitdagings en groter werksdruk meëgebring - dankie dat jy te alle tye optree en werk tot bevordering van die goeie beeld van die VVOS.

Dankie vir elke bestuurslid se kreatiewe bydrae, insette en tyd - ons waardeer dit en weet dat dit vra om soms op meer as een stoel te gaan sit.

Ons as die VVOS span poog om te alle tye diens te lewer aan ons lede, en hoop dat elkeen weer op hul beurt met passie en liefde opvoeding en sorg sal verseker, 'n vangnet en plek van veiligheid sal wees vir kleuters, en die mees effektiewe onderrig en opvoeding bly verseker.

Mag ons met omgeegedagtes en ondersteuning mekaar se hande hoog hou.

Groete uit 'n dankbare hart

Mariëtte

Namens VVOS-Bestuur

Kontak die VVOS:

Telephone:
012 667 2028
E-pos:
info@vvos.co.za
Website:
www.vvos.co.za
Sosiale Media:
WhatsApp:
066 253 8655
Facebook:
@vvos
@aecyc
Instagram:
AECYC_VVOS